

Liewe vriende,

wie sou in Januarie vanjaar kon voorspel wat hierdie vreemde 2020 alles vir ons sou oplewer?! Dit was sekerlik vir ons almal 'n jaar vol van onverwagte uitdagings. Vir ons was dit 'n jaar van groot omwentelings. Na drie dekades in Asië het ons op 17 Januarie na Switserland verhuis, om van hier af voort te gaan met die onderrig van teologie aan studente in China via die internet, maar ook om nader aan ons dogters te wees. Ons kon maar net die Here vertrou om ons te help tuis voel in 'n nuwe fase van ons lewe en in 'n deel van Switserland waar ons nog nooit voorheen gewoon het of eers besoek het nie. Pas aangekom, toe maak Covid 19 sy verskyning en ontwrig almal se lewens! Tog is ons die Here dankbaar dat ons, ondanks die beperkings, ons kon vestig, nuwe vriende hier kon maak, en selfs 'n aktiewe lewe kon lei.

lewer hulle werkstukke betyds in en doen goed in hulle eksamens. Baie van hulle skakel in by die weeklikse Zoom-byeenkomste wat Chris vir hulle voorberei, ander luister na die opgeneemde weergawe daarvan omdat dit vir hulle te riskant is om direk deel te neem. Deur e-pos is daar 'n permanente verbinding met die studente en baie maak daarvan gebruik om vrae te stel oor die Bybel of hulle gemeentediens en om hulle vreugdes en swaarkry met ons te deel. Dit verg tyd en wysheid om 'n deurdagte antwoord op elke brief voor te berei.

Benewens die werk met studente in China is ek nou ook op die afloslys van die Gereformeerde Kerk in die Kanton Zürich. In Julie en Augustus moes ek reeds vir drie Sondae instaan vir 'n predikant in 'n gemeente suid van Zürich, en vir volgende jaar is twee verdere eredienste daar beplan. Ook in ons plaaslike gemeente hier in Rafz het ek die voorreg gehad om 'n erediens te lei. Dis belangrik om ook betrokke te wees voor ons eie deur, anders woon ons hier, maar is in gedagtes altyd êrens anders!

Omdat al my onderrig nou aanlyn is, mis ek die direkte persoonlike kontak met studente. Maar die Here was genadig en het vir my 'n nuwe diensgeleentheid geskep. Die eerste week in November kon ek 'n intensief-kursus in Korntal (Duitsland) onderrig, aan dieselfde teologiese kollege waar ons van 1998 tot 2000 gedien het. Vir vyf volle dae kon ek die Eerste Korintebrief onderrig en die gees-

telike gemeenskap met 'n groep ywerige studente uit Duitsland en Switserland geniet (almal op verskillende maniere betrokke in voltydse diens, in gemeentes of in die sending), hulle vrae beantwoord, aan interessante besprekings deelneem. Ten spyte van masker-plig was dit 'n geseënde tyd! Ook net betyds, want op die laaste dag van onderrig het in Duitsland nuwe maatreëls in werking getree wat alle direkte tersiëre onderrig tot volgende jaar gestaak het! Die studente voltooi nou die res van hul kursuswerk aanlyn.



Studente in Korntal

Die aantal Chinese studente wat teologie deur middel van *Columbia International University* se aanlynprogram studeer, neem steeds toe. Gedurende die laaste semester van hierdie jaar (wat kort voor Kersfees eindig) werk Chris met 103 studente in sy Ou-Testamentiese Inleiding klas en 35 studente in sy Romeinebrief klas. Die studente is toegewyd en werk hard in hulle studies: hulle neem aktief deel aan die Forum-besprekings,



Nadia en Remo

Die afgelope maande het ons die vreugde gehad om ons dogters verskeie kere te sien. Nadia en Remo het so gereeld as wat Covid 19 dit toegelaat het, kom kuier om saam te eet en speletjies te speel. Twee keer het ons die lang reis onderneem na Ticino, die sonnige suide van Switserland, om Johanna se bejaarde moeder te besoek. Ons kommunikeer ook gereeld met my Ma wat nou in 'n aftree-oord in Durbanville woon.



In Oktober is Johanna deur die plaaslike maatskaplike dienste gevra of sy bereid is om 'n chroniese siek dame in ons dorp te help. Johanna besoek hierdie dame nou een keer per week, help haar met haar huiswerk en probeer veral om 'n gesel vir haar te wees, wat na haar luister en met

wie sy kan deel, in die hoop om haar tot seën te wees. Daarbenewens word Johanna dikwels gevra om teologiese referate van studente en dosente uit Asië en Afrika (oud-studente wat in Engels studeer of teologiese artikels skryf) te proeflees. Dit is baie intensiewe werk, wat dikwels onder groot tyddruk gedoen moet word.



Kort na ons aankoms uit Taiwan het ons die opwindende nuus gehoor dat Désirée en haar man Jan hul eersteling verwag. Nou is die lang wag verby: op 25 November is ons eerste kleinkind, Cassandra Maria (Chinese naam: 白光晞) gebore. Ons is dankbaar dat alles vlot verloop het en dat ons nie meer so ver van ons dogters woon nie. Ons sien daarna uit om meer tyd met hulle deur te bring sodra die pandemie verby is!

Baie dankie vir julle belangstelling in ons wel en wee, vir e-posse en briewe, vir julle gebede vir ons en vir ons studente. Ons bid ook vir julle: mag die Here julle begelei en seën in julle daaglikse lewe en werk; mag die hoop en lig van Kersfees julle harte en huise in die volgende weke en deur die nuwe jaar vul.

Ons wens almal 'n geseënde Advent en Kersfees toe, en 'n voorspoedige nuwe jaar.

Chris en Johanna (鄧開福, 蘇恩惠)

Chris & Johanna Dippenaar
Heereguet 10
8197 Rafz
Switzerland
Tel +41 52 5339766
e-mail Chris: dippenaar@gmx.net
Johanna: joh.dippenaar@gmail.com

Schweizerische Missions-Gemeinschaft
CH-8401 Winterthur
Tel: +41 52 2353252; e-mail: smg@smgworld.ch